CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

NOVEMBER 2003

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
Bulletinrooster	René van Zyl	ZS1VR	021-9762057
CQ Boland	Johan le Roux	ZU1LR	021-9192246
Web Meester	Deon Hydenrych	ZS1G	0826539884
Regssake	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564

KLUBBULLETINS

Tyd:	Sondae om 7:45 en 20:30.
Frekwensies:	3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM
	Kom gesels Sondagaande saam op 3670kHz

WEB-WERF

Besoek die klub se Web-werf by http://www.qsl.net/zs1bak/index.htm

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na die klubvergadering op Saterdag 29 November 2003 om 11:00 op die plaas van Olivier, ZS1OLI. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure aangesteek word. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, hout, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n kaart om by Olivier se plaas uit te kom

VOORBLAD

SALT – Die grootste teleskoop van sy soort in die Suidelike hemosfeer.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskressie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van e-pos, pakketradio of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Pakket:	ZU1LR@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF
E-pos:	ZU1LR@MAILBOX.CO.ZA
Posadres:	CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

(En die Tesourier ook)

Die jaar lê op sy rug! Dit hoor ek Sondagoggend by die inrapporteer na bulletin. Ek trek die kalender nader en besef met ‘n skok dat die OK reg is!

Wel, met bogenoemde stelling ingedagte, wil ek dan graag alle BARKérs bedank wat hierdie jaar bygedra het tot ons stokperdjie se wel en weë. Ek reken dat BARK is een van die min klubs wat trots daarop kan wees dat sy lede sommer BAIE aktief is buite en binne die klub. Daarom sal ek dit nie waag om spesifieke roepseine te noem nie, want nou-nou laat ek iemand uit.

Ons ledetal het mooi verbeter sedert ons laaste vergadering en staan nou op 120. Daar is enkele oud-lede wat niks van hulle laat hoor het nie, en ongelukkig moes ons toe maar hulle name van ons ledelys verwyder.

Ek sien uit daarna om u te sien by ons laaste vergadering van 2003 maar vir die van u wat die nie sal kan maak nie wil ek sommer nou die geleentheid gebruik om ‘n Gesëende Kersfees en ‘n voorspoedige 2004 toe te wens. Met die sterk Rand/Dollar wisselkoers vertrou ek dat Vaderkrismis daardie nuwe HF-stel in sy sak sal kan inpas.

Vir die van u wat op die pad gaan gedurende die vakansie, onthou om heel eerste die radios en antennas in te pak en veilig te bestuur.

Groete van hok tot hok.

Rassie ZS1YT

REDAKSIONEEL

Hierdie is weer die laaste uitgawe van CQ Boland vir 2003. Baie dankie aan almal wat gedurende die jaar bydraes ingestuur het. Baie welkom aan die nuwelinge by BARK. Ek hoop julle geniet CQ Boland. Al is jy splinternuut op die lug is daar baie wat jy met ons kan deel, so stuur vir my bydraes.

Groetnis tot die volgende uitgawe.

Johan, ZU1LR

DITS

BARK se Web-Werf is deur 395 besoekers besoek.

BARK se innige simpatie gaan uit aan Olivier, ZS1OLI en sy LV Dalene met die verlies van hul seun

Die naweek van 21 tot 23 November gaan 8 van BARK se lede 'n spesiale stasie by Sutherland oprig. Die stasie sal by SALT wees. SALT staan vir South African Largest Telescope. Kom gesels saam en verseker so 'n pragtige QSL-Kaart. Die roepsein wat gebruik sal word is ZS1SALT.

BARK VERGADERING VAN 13 SEPTEMBER 2003

Deur Johan, ZU1LR

Hier is weereens 'n kaart na die plaas van Olivier, ZS1OLI. Dit is waar die volgende BARK vergadering gaan plaasvind.

As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klubmuts/Wellington afrit. Dit is die R44. Die R44 raak later 'n dubbel baan. **Hou aan tot by die Noord Agter Paarl Koelkamer**. Draai daar Links. Maak seker dar u tot by die koelkamers ry voordat u van die R44 afdraai. So 'n



kilometer verder sal u die afdraai na die plaas vind. U sal sommer gou sy antennas sien. Volg die pad tot by die antennas. Sien u daar.

DAN DE VRIES ZS1DF: 'N HULDEBLYK

Deur Abe, ZS1OZ

Dan de Vries, wat op Saterdag 27 September op 82-jarige leeftyd in Somerset-Wes oorlede is, was een van die grootste baanbrekers in die geskiedenis van Bolandse amateurradio. En hy het tot op die laaste nog 'n wakker belangstelling in die doen en late van ons Klub gehad. Toe ek hom twee dae voor sy dood gebel het in verband met sy toekennings, was hy nog helder van gees en het hy my die besonderhede sommer so uit die vuis meegedeel. Hy was 'n amateur van vele prestasies - 'n man wat al "die vader van 2 meter in die Boland" genoem is, een van die suksesvolste voorsitters in ons moeilike groeijare en daarby die enigste Bolandse amateur wat ook die amp van President van die SARL beklee het. 'n Gesiene man wat vir ons oor vele jare baie beteken het.

Die volgende is die uitstaande mylpale in sy amateur-loopbaan:

Ampte beklee. Dan het in 1957 by die SARL aangesluit en die volgende jaar die roepsein ZS1DF verwerf. In 1963 het hy en 'n ander groot naam in ons geskiedenis, Hans ZS1WZ, saam lede van die Bestuur van Tak Boland geword. Mettertyd het hierdie twee "karperde" ook voorsitters van die Tak geword - eers Hans en daarna Dan. Dan het hierdie amp gedurende die periode 1969 tot 1971 beklee. In 1971 is hy as voorsitter opgevolg deur nog 'n baie bekende veteraan, Malcolm ZS1LK. Dan het egter voortgegaan om sy leierskap allerweë te laat geld, totdat hy tot diens in die Raad van die SARL opgeroep is, eers as Raadslid vanaf 1977, toe as Onder-voorsitter in 1979/80 en uiteindelik as Voorsitter van die Raad in 1980/81. Dit was in die "goeie ou dae" toe Hoofkantoor nog in Kaapstad gesetel was.

Toekennings. Dan het die SARL se Jack Twine-toekenning

vir besondere verdienstelikheid in 1975 ontvang, ere-lidmaatskap van die Liga in 1982 en ere-lidmaatskap van ons Klub in 2001. Sover vasgestel kan word, is daar slegs een ander amateur in die geskiedenis van Bolandse amateurradio wat erelidmaatskap van die Liga verwerf het, t.w. J.A. (Alf) van Zyl in 1961 - 'n groot naam uit die verre verlede.

Veelsydige betrokkenheid. As 'n mens Dan de Vries se doen en late as amateur nagaan, val dit dadelik op dat hy 'n man was wat op vele terreine sy gewig by ons vereniging ingegooi het - en heel dikwels word die naam van sy eggenote, Corrie, ook teëgekom. In die ou dae het hy 'n leidende rol by takbyeenkomste gespeel, was hy 'n medewerker van CQ Boland, was hy aktief betrokke by verskeie Hamfest-aktiwiteite,

het hy geesdriftig deelgeneem aas die amateur-hoteldinees wat vroeër baie gewild was, het hy sy gewig ingegooi wanneer Tak Boland die Liga-AJV aangebied het en was hy daarop gesteld dat ons geskiedenis bewaar moes word. In laasgenoemde opsig was hy een van die persone wat hulle jare gelede sterk beywer het vir 'n eie "museum" waar historiese stukke en gegewens bewaar kon word.

Die D.F. de Vries Mobiele Wisseltrofee. Hierdie pragtige beker is teen ongeveer 1970 deur Dan aan Tak Boland geskenk. Dit was nog voor die tyd van 2 meter toe vele amateurs HF-stelle in hul motors gehad het. Dan se trofee was bedoel vir 40 meter mobiele kompetisies tussen Tak Boland, Tak Kaapstad en die destydse Tak Tygerberg. Die eerste van hierdie kompetisies is gewen deur Frankie Stayner ZS1DJ, 'n ander groot figuur uit ons verlede, wat dié dag 59 mobiele kontakte gemaak het.

Twee meter veteraan. In hierdie opsig het Dan de Vries uitgetroon as een van ons groot leiers wat die deur geopen het vir derduisende herhaler-QSO's wat tot vandag toe sou volg. Toe die Radioregulasies in 1973 voorsiening gemaak het vir 2 meter kommunikasie en 'n nuwe klas ZR-lisensie, het Tak Boland dadelik 'n Tegniese Komitee onder voorsitterskap van Dan in die lewe geroep om hierdie saak te hanteer. Huidige Klublede wat ook nou by hierdie aksie betrokke was, was Frans ZS1RF en Hans ZS1WZ. In April 1974 is 'n span van agt Bolandse amateurs (waaronder natuurlik

ook Dan de Vries) te voet op na die spits van Groenlandberg naby Grabouw om ‘n 2 meter herhaler (sover vasgestel kan word die eerste in die RSA) daarbo staan te maak. Die frekwensie was 145.700 (later 145.600).

Laat ons in gedagte hou dat die dinge wat ons vandag geniet nie sommer so uit die lug geval het nie. Daarvoor was en is daar manne met besondere ondernemingsgees nodig - manne soos Dan de Vries ZS1DF. Ons eer sy gedagtenis.

'N LUGREIS DEUR KAMAROEN

Ean Retief, ZS1PR, Port Gentil

Onlangs moes ek op 'n Donderdag na Libreville in Gaboen reis. Omdat daar op Donderdae nie 'n direkte vlug van Johannesburg na Libreville is nie, moes ek met Air Cameroon vlieg via Douala in Kamaroen. Dit was my eerste kennismaking met die lugdiens en ook die land.

Standaard Afrika is ons 1,5 uur laat weg uit Johannesburg, maar daarvandaan was meeste indrukke positief.

Die vliegtuig was 'n redelike nuwe Boeing 757. Die sitplekke gemaklik (Baie beter as die een wat ek verlede jaar VSA toe gehad het op SAL).

So 'n uur na opstyging is ons bedien met 'n keuse van vrugtesappe, koeldrank, bier en wyn (ingesluit in die vlugkoste, so ook allas wat ons later in die vlug geniet het).

Die middagete is weer saam met bogenoemde bedien. Die ete was meer kos en lekkerder as die een wat ek die vorige aand tussen Kaapstad en Johannesburg op SAL gehad het. Ek vergelyk maar met SAL want meeste van u is bekend met SAL se vlak van dienste.



Die vlug was vyf ure en so 'n uur voor landing het ons iets gekry wat lyk soos 'n vetkoek met polonie en kaas binne. Heel lekker. Ook weer koeldranke of bier.

Douala lughawe maak 'n heel goeie indruk. Dit is skoon, redelik netjies, besonder mooi versier en omtrent alles werk.

In die restaurant het ek opgemerk dat wat mense my vertel het heeltemaal waar is, pryse van kos en drank is sowat die helfte van wat dit in Gaboen is (Hier vergelyk ek Lughawe pryse met Lughawe pryse, wat maar oral in die wereld duurder is as die omliggende plekke).

'n Fanta van 300 ml was R 10 in die restaurant, teenoor die R 18-75 in Gaboen op 'n lughawe.

Hoewel dit 'n vakansiedag (Hemelvaart) was, was dit opvallend dat die bank-agentskap op die lughawe oop is, iets wat nie in Gaboen sou gebeur nie.

Interessant is die Internasionale lughawe en die binnelandse albei kante van 'n snelweg. Die twee is aan mekaar verbind met 'n "aanloop-baan" en ons vliegtuig het om een of ander rede op die binnelandse lughawe geland en ons het toe oorgery met die vliegtuig na die Internasionale een. Wat my ook opgeval het is dat die snelweg gaan in 'n tonnel van sowat 800 m onder die aanloop-bane deur. Ek het dit nog net by Schipol gesien.

Wat my opgeval het, is dat hoewel Kamaroen volgens statistiek sommer heelwat laer af is op die inkomste-vlak in Afrika, die paaie in goeie toestand is.

Dit is slegs hier en daar netjies gelap, maar jy kry nie slaggate nie.

Die stad maak 'n mooi indruk. Die sentrale kern het meer hoe geboue as Libreville, maar die baie bome maak dit mooi vertoon.

Die hoe geboue maak dit egter meer "toe" (benoud) voel as Libreville.

Mens kan egter sien dit gaan finansieel swaarder, want daar is straatkinders, iets wat jy nie in Gaboen sien nie.

Verder is dit glo gevaarlik op straat na donker, maar dit is deesdae amper wereldwyd so.....

So, als en als 'n heel positiewe indruk.

73,

DX IN SUID-AFRIKA

Deur Olivier, ZS1OLI

Baie amateurs maak DX ‘n groot en belangrike deel van hul stokperdjie. Die term DX het sy oorsprong uit ‘n ou telegrafiese afkorting wat afstand beteken. OP BHF sal ‘n konmtak tussen Kaapstad en Port Elizabeth en verder beslis as DX beskou word, maar op HF sal dit as plaaslik gereken word.

Die erenstige Dxer verloor gou belangstelling in die “maklike” lande soos Duitsland, Italie, Rusland ens. en begin die moeiliker lande najaag. Die groot doelwit is om die DXCC toekenning te verwerf.

Die DXCC (DX Century Club) is ‘n toekenning deur die ARRL vir bewese kontakte (QSL Kaarte) met

100 of meer lande. Dit klink moeilik, maar in-dien voortplanting goed is kan 100 lande deurr ‘n goeie Dxer binne ‘n dag of twee gewerk word. Dit is egter heelwat moeiliker om die nodige bevestiging in QSL-kaarte te bekom, want soos alle toekennings vereis DXCCbewys van kontakte.

Die DXCC van lande bestaan tans uit ongeveer 336 entiteite, baie van die entiteite bestaan uit lande soos ons dit vandag ken, maar baie is anders. ‘n goeie voorbeeld is Marion eiland wat deel van Suid Afrika is, maar omdat die eiland so ver van Suid Afrika is word dit as ‘n ander land beskou vir DXCC doeleindes.

Soos reeds gesê is party lande baie maklik om te werk, terwyl ander weer baie moeilik is. Duitsland, die VSA, Kannada, Spanje Japan en andere is almal van die maklikes terwyl lande soos Noord Korea, Afganistan ens. weer baie moeilik is om ‘n kontak mee te maak. ‘n Land soos Swaziland is baie maklik vir ons uit Suid Afrika om te kontak, maar vir ander dele van die wereld kan dit onder een van die meer moeilike lande tel. Net so is dit vir ons byna onmoontlik om somige lande in die “South Pacific” te werk.

Om ‘n telling van 100 te kry sal nie veel langer as ‘n paar maande neem nie. Om 200 te bereik miskien ‘n bietjie langer, maar sodra hy 300 lande vind sal die Dxer vind dat nuwe lande baie skaars word. Hy sal vind dat die lande wat hy benodig bestaan uit klein onbewoonde eilandjies of wie se amareur bevolking letterlik nul is nou is die Dxer afhanklik van die DX ekspidisie wat daarheen gaan. Hierdie DX ekspidisie kan lae profiel, eenman ekspedisies wees met klein antennas en min krag of multi operateur ekspedisies wat groot antennas gebruik en wat hoë krag loop. Sulke ekspedisies maak duisende kontakte binne ‘n relatiewe kort tyd, dit sal vanaf enige plek in die wereld redelik maklik wees om met hulle kontak te maak.

Dxers wat 10 en minder lande kort word op die “DXCC Honour Roll” geplaas hierdie lys word jaarliks deur ARRL gepubliseer en verskeie Suid Afrikaners tel omder hulle. So dit kan gedoen word.

Daar is verskeie ander toekennings waaraan gewerk kan word. Die Worked all zones (WAZ) word geborg deur CQ Magazine en word beskou as moeiliker as DXCC. Waar DXCC gwerk kan word deur bv. Die rigstraler in die rigting van Europa en Asie te draai bestaan WAZ uit 40 gebiede ongeveer gelyk in grote wat versprei is dwars oor die wereld. Natuurlik is dit maklik om die meeste “Zones” te werk, maar sommige kan baie uitdagend wees. Vanaf Suid Afrika

is Zone 1 (wat Alaska insluit,) Zone 2 (die Noord Oostelike deel van Noord Amerika) en Zone 32 wat wat New-Zeeland insluit die moeilikste.

Die "Worked All States" (WAS) geborg deur die ARRL vereis dat al 50 state van Amerika gekontak moet word en dit sluit Hawaii en Alaska in. Alaska is die moeilikste, maar ander soos Id Ho, Montana, Nevada en die Dakotas kan net so uitdagend wees.

"Ilands on the Air" (IOTA) word geborg deur die "Radio Society of Grait Brittian". Daar is honderde eilande om te kontak wêreldwyd insluitende eilande aan die Suid-Afrikaanse kus waarvan



Robbeneiland en Dasseneiland die bekendste is.

Ter afsluiting kan net genoem word dat baie Dxers begin om afsonderlik telling te hou van hul prestasie op die verskillende HF bande. Daar is toekennings wat voorsiening maak vir hierdie prestasies soos die 5 band DXCC, 5 band WAS en 5 band WA2. Elkeen van hierdie toekennings vereis dat die Dxer die vereiste moet nakom op al die tradisionele HF bande (80, 40, 20, 15 en 10). Vanuit Suid-Afrika is dit 'n baie gtoot uitdaging, veral die 40 en 80 meter band.

In Suid-Afrika is die "Work All ZS" toekenning die bekendste. Dit vereis dat 'n amateur 100 ander amateurs binne Suid-Afrika moet kontak. Die hoeveelheid per divisie is uitgewerk volgens die hoeveelheid amateurs in daardie divisie. Sover bekend het geen amateur al gekwalifiseer vir die toekenning op al die 5 tradisionele HF bande nie. Dit sal 'n uittsonderlike prestasie wees.

Die "Work All ZS" toekennin klink maklik om te bereik, maar die groot probleem is weereens om die QSL kaarte te bekom. Soos almal weet is Suid-Afrikaanse amateurs van die swakstes wat QSL betref in die wêreld.

DX is 'n groot uitdaging, maar in 'n sekere sin ook harde werk. As jy nie daar is om die rare DX stasies te werk wanneer hy op die lug is nie, sal die volgende geleentheid moontlik eers etlike jare later weer opduik.

Voorspoed met die DX en geniet die stokperdjie!

WES-KAAP HOU INDABA

Deur Johan, ZU1LR

Op Saterdag 25 Oktober 2003 het 'n groep Radio Amateurs wat bekommerd is oor die toekoms van die stokperdjie bymekaargekom om te beplan vir die pad vorentoe. Die vergadering het plaasgevind op die plaas van Olivier, ZS1OLI.

Rassie, ZS1YT het almal welkom geheet. Daar was lede van al die klubs in die Wes-Kaap teenwoordig. Henry, ZS1AAZ was die seremoniemeester. Hy het vir Martin ZS1SM aan die woord gestel wat die nodigheid om 'n forum in die Wes-Kaap te stig geskets het. Die forum is nodig omdat die amateurs in die Wes-Kaap bekommerd is oor die toekoms van die stokperdjie. Veral noudat die SARL se ledetal gedaal het en die SARL slegs 'n klein hoeveelheid amateurs verteenwoordig. Dit is gedurende die vergadering beklemtoon dat die forum wat gestig word nie 'n plaasvervanger vir die SARL is nie.

Die meeste lede teenwoordig het saamgestem en daar is besluit om so 'n forum te stig. Van die amateurs wat op die interim komitee is, is: ZS1KC, ZS1YT, ZS1SM, ZS1AAZ, ZS1WC, ZS1RON, ZS1OLI, ZS1DFR, ZR1AHW en ZS1ZL.

Daarna was die voorsitter van die SARL aan die beurt. Hy het die lede ingelig oor die veranderinge in die SARL. Hy het ook die voordele van die SARL uitgespel. Dit was nie lank nie of die tesorier van die SARL was onder bespreking. Die persepsie is dat die tesorier van die SARL die uitstaande rede is waarom lede nie by die SARL wil aansluit of hul lidmaadskap wil hernu nie.

Na die vergadering is die braaivleis-vure aangesteek en die nabetragting het begin.

Dit in 'n neutedop.

KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Johan, ZU1LR



In hierdie uitgawe kyk ons na die werking en aanwending van die LM4017. Hierdie geintegreerde stroombaan het 10 uitsette wat een na die ander ‘n logiese hoog word. Na elke klok puls word die volgende uitset ‘n hoog.

Die spanningstoevoer vir die pakkie is tussen 3 en 15 Volt en die hoog uitset is genoegsaam om ‘n LED te dryf.

Die aanwending van die pakkie is behoefte gedrewe en kan vir baie take gebruik word. Een van die algemeenste aanwendings is vir afstandbeheerde aan en af-skakeling. Sien diagram.

Die pakkie het drie kontrole insette: “Reset”, “Clock” en “Clock Enable”. Met “Reset” laag en “Clock Enable” hoog sal die daaropvolgende uitset hoofg raak met elke klok pulse wat verskaf word. Alhoewel daar 10 uitsette is kan enige getal uitsette gebruik word deur die uitset na die laaste een wat u wil gebruik terug te koppel na “Reset”. U kan bv. net die eerste 5 uitsette gebruik deur uitset nommer 6 aan “Reset te koppel.



FIG. 4

Klok insette kan op verskeie maniere verskaf word. Die LM555 is seker een van die mees algemeenste klok verskaffers.

Die uitsette kan versterk word deur van transistors gebruik te maak. Hierdie sal u bv. gebruik om “relay’s” te skakel. Sien diagram

Indien u hulp benodig moet u net vra.

Wie is Wie?

A

B

C

D

E

F

Die rekenaar is darem ‘n wonderlikke uitvindsel. Ek het die rekenaar gevra om vir ‘n paar Ou Kêrels van BARK hare te gee. Die fotos hier bo is die resultaat. Kan u hulle herken?

Die name is op bladsy 15

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 13 SEPTEMBER 2003

Deur Johan, ZU1LR

Die vergadering het plaasgevind by Elsenburg naby Stellenbosch. Deon, ZS1G het die vergaderplek gereel. Dit was ‘n pragtige lente dag en die vergadering was in ‘n pragtige omgewing. Van die paar manne wat so ‘n bietjie verdwaal het praat ons nie.

Rassie het deur die formele vergadering prosedures gegaan en daarna het die braai en sommer net lekker saam kuier begin.

Theo, ZS1JM geniet die vergadering

Die volgende 81 persone was teenwoordig:

AMBROSE, TOM ZS1TA
BASSON, ABE ZS1OZ
BOSHOFF, ALBERT ZS1BA
BOSHOFF, DEIRDRE
BOUWER, JOHANN ZS1MB
BRAND, WOUTER
CANITZ, KARL ZS1KC
CARSENS, HENNIE
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
COETZEE, RAOUL ZS1REC
DE BRUYN, DES ZR1DES
DE KOCK, WILLEM ZR1WDK
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1FDV
DE VILLIES, JEAN-PIERRE ZR1JPD
DEMASIUS, INGE ZS1DD
DEMASIUS, ULF ZS1ZO
DRY, E.J. ZR1EJD
ERASMUS, BEN
ERASMUS, DELEEN
ERASMUS, EMILE
ERASMUS, LOURENS ZS1BFE
ERASMUS, LYDIA-MARIE
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
ERWIN, DEON ZS1ZL
FLYNN, PETER ZS1BC
FRANSMAN, ANDRE ZR1EL
GREYVENSTEYN, MATT ZS1MJJ
HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
HAARHOF, JO ZS1AAB
HAARHOFF, RINA
HEYDENRYCH, DEON ZS1G
HOLLAND, MARTIN ZS1SM
HORN, HANNES
HUISAMEN, MARIUS ZR1MAR
HYMAN, CLYDE ZS1CS
JACKSON, MARIUS ZR1OBS
JACOBS, JOHANNA
JACOBS, PIETER ZR1AEE
JACOBS, PIETER ZS1UH
JASSON, HEINZ ZS1HJ
KORKIE, LEON ZS1MM
KLAUS, ZS1QD
KRIEL, KARL ZR1KOK
LE ROUX, ALMA
LE ROUX, JOHAN ZU1LR
LE ROUX, JOHANNES ZR1RF
LOMBARD, WESSEL ZR1WL

LOUW, MARTHA
MACGRECOR, MALCOLM ZS1LK
McDULING, THEO ZS1JM
McEWEN, TONY ZR1T
MILLINGTON, KEITH ZR1EI
MULLER, EGON ZS1CAS
NOTHLING, HANS ZS1WZ
OPPERMAN, OPPIE ZS1OP
PANSEGROW, PHIL ZS1PAN
POTGIETER, TEUNIS ZR1TP
RETIEF, EAN ZS1PR
ROBINSON, BRUCE ZR1BDR
ROUX, JACQUES ZR1ADC
SCHLORF, GERT ZS1ABM
SLABBERT, OCKIE ZS1OS
SMIT, SMITTIE ZS1AK
STEENKAMP, CAS ZS1BID
STEENKAMP, JEANETTA
SWIEGERS, FANIE ZSIFB
SWIEGERS, MIENIES
VAN DER MERWE, MARIUS
VAN HEERDEN, LOUIS ZS1LVH
VAN RENSBURG, DANIE ZS1DR
VAN RHYN, WILLIE ZR1WVR
VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
VAN WYK, KOOS ZS1KVW
VAN ZYL, ANDRE ZR1ABQ
VAN ZYL, BETSIE
VAN ZYL, RENE ZS1VR
VICTOR, LEON ZR1LEO
VISAGIE, PC ZR1PC
VON WECHMAR, CHRIS ZS1DX
WARRINTON, DES ZR1GHF

Komitee van Boland Amateurradio Klub se E-Pos adrese

ZS1YT	rassie@ctech.ac.za
ZS1VR	rpvan@absamail.co.za
ZS1AAZ	qrv@intekom.co.za
ZS1KC	karlc@freemail.absa.co.za
ZU1LR	zu1lr@mailbox.co.za
ZS1G	zs1g@mailbox.co.za
ZS1OLI	olivier@kingsley.co.za

Wie is wie.



Van:

Boland Amateurradioklub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601